Laerskool Queenswood

Omsendbrief 16
25 Mei 2011

Geagte Ouers en Voogde

BOEKEVERKOPING:

Die boekeverkoping waarna almal so uitsien, vind op Woensdag en Donderdag (1 en 2 Junie 2011) in die skoolsaal plaas.

Spaar solank jou geldjies sodat jy nie met leë sakke te staan kom voor tafels wat kreun onder die aller wonderlikste boeke en speletjies nie!

SENÔR CHEF EN INA PAARMAN'S PROJEK:

Graag herinner ons u om hierdie projek te ondersteun. Leerders het bestelvorms ontvang. Sluitingsdatum is 2 Junie 2011. Kontant moet asseblief die bestellings vergesel.

WINTERSOKKIE:

As gevolg van revue-oefeninge, skuif die sokkie na Donderdag, 26 Mei 2011, vanaf 18:00 tot 20:30. Kom ontspan, voor die eksamen begin. Kaartjies kos R30.00 en sluit 'n "hot dog" en koeldrank in!

LANDLOOP:

Onthou asseblief om jou landloopskeurbriefie terug te bring. Atlete moet reeds nou geregistreer word om volgende kwartaal aan die ligas te kan deelnneem.

LANDLOOPKAMP:

R590.00, 12 tot 15 Julie 2011 te Klein Kariba. Betaal jou deposito van R200.00 voor of op 31 Mei 2011.

BARNYARD:

Ondersteun ons graad 7-fondsinsamelingsprojek, "Super Troupers"-vertoning te Barnyard, Menlyn, 23 Junie 2011 teen R120.00 per persoon. Daar is nog 24 kaartjies beskikbaar. Kontak die kantoor in hierdie verband.

"BREIKLUB"

Die naskoolkinders is kliphard aan die brei. Ons wil graag 'n blokkieskombersie maak wat ons aan 'n behoeftige sal skenk. Een van ons oumas, mev. Grieta Groenewald, gaan elke Dinsdagmiddag kom help brei. Enige oorskietwol wat by u huis rond lê sal baie waardeer word. Ons brei met nr. 4 naalde en sal baie bly wees as iemand naalde wil skenk.

HOKKIE-OEFENTYE:

Die graad vier tot sewe dogters het verlede week hokkiebriewe vanaf Hoërskool Oos-Moot ontvang. Neem asseblief kennis dat die oefentye verander het. Daar word nou op Maandae en Vrydae tussen 14:30 en 16:00 geoefen.

RUGBYWEDSTRYDE - 26 MEI 2011:

Hiermee die tye vir rugbywedstryde wat eerskomende Donderdag op Rayton se rugbyvelde gespeel word. Die seuns mag al reeds 12:45 onttrek word.

14:15	0/9 en 0/10	15:05	0/11 en 0/13B	16:00	0/13A

KASKAR 2011:

Daar is op 'n beheerliggaamvergadering besluit om die kaskardatum na 14 Oktober 2011 te verskuif.

Punte van belang:

Boekeverkoping

Senôr Chef en Ina Paarman's

Wintersokkie

Landloop

Landloopkamp

Barnyard

Breiklub

Hokkie-oefentye

Rugbywedstryde

Kaskar 2011

WINTERSDRAG:

DOGTERS:
Leerders begin amptelik vanaf Maandag 30 Mei 2011 wintersdrag dra. Ons vra asseblief om by die voorskrifte te hou.

Skoolromp, wit skoolhemp met lang moue en 'n skooldas, swart skoolskoene en skoolkuitkouse of blou langkouse. 'n Donkerblou effekleurige skooltrui of windjakker.
Of
Die skoolsweetpak en Q'wiet T-hemp met tekkies. Tekkies moet oorwegend wit wees. Geen modevariante word toegelaat nie. Grys\blou skoolkouse.

SEUNS:
'n Grys kort– of langbroek, grys skoolhemp met kort of lang moue en 'n skooldas. Swart skoolskoene en grys skoolkouse. 'n Donkerblou effekleurige skooltrui of windjakker.
Of
Die skoolsweetpak en Q'wiet T-hemp met tekkies. Tekkies moet oorwegend wit wees. Geen modevariante word toegelaat nie. Grys\blou skoolkouse.

NETBAL:
Baie geluk aan die 0/10 en 0/12 dogters wat ligawenners is. Die 0/13 dogters is naaswenners. Slegs die 0/12 en 0/13 dogters neem aan verdure uitspeelwedstryde deel.

TOETSREEKS:
Die toetsreeks begin op Vrydag 3 Junie 2011. Soos reeds in omsendbrief 15, gedateer 19 Mei 2011, genoem, mag leerders nie gedurende die toetsreeks tuis bly om te studeer nie. Skool gaan normaalweg voort nadat toets geskryf is.

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Wintersdrag

Netbal

Toetsreeks